

9 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 16:22-30

Fokusgedeelte: Eksodus 16:29(a)

Ek het vir julle die Sabbat gegee

God het die hemel en die aarde in ses dae geskape en op die sewende dag gerus. Toe het Hy die sewende dag as gereelde rusdag geheilig (Gen 2:2, 3). Die woord *heilig* beteken “om af te sonder”, met ander woorde: God stel die sewende dag as Sabbat, as rusdag, vir alle mense in.

Die Israeliete het geweet van die Sabbatsgebod. Daarom was God met reg toornig oor dié Israeliet wat op die Sabbat – teen sy uitdruklike bevel – manna gaan soek het. Weereens moes Moses die volk waarsku om God se bevele insake die Sabbat te gehoorsaam (Gen 16:28, 29).

Ons Here Jesus het die Sabbat nooit wetties gevier soos die Fariseërs nie, maar altyd volgens die wil van sy Vader. Ná sy dood aan die kruis het Hy op die Sabbat in die graf gelê om die volle rus vir God se kinders weer terug te kry, die rus wat deur die sondeval van Adam en Eva verlore geraak het. Toe Hy op die eerste dag van die week opgestaan het, het Sondag die rusdag vir ons as gelowiges geword!

Vir baie mense is die Sondag ’n vervelige dag – vol magnies en moenies. Mag die dag vir my en jou ’n ware rusdag wees – vol van die genade van die Drie-enige God.

Sing: Psalm 84:1, 2

Dr. CJ Malan (Emeritus)